Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# HERFOKUS

## Deel 2 – Passie vir Koninkryk

**Matteus 16:18(AFR53)** …op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

**Spreuke 4:23** Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.

**Matteus 8:19-21** 'n Skrifgeleerde kom toe nader en sê vir Hom: "Meneer, ek sal u volg waar u ook al gaan." Jesus sê vir hom: "Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie." Iemand anders, een van sy dissipels, sê vir Hom: "Here, laat my toe om eers terug te gaan en my pa te begrawe."

**Matteus 22:37-38** Jesus antwoord hom: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod.

**Matteus 6:33** Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.

**Jesaja 44:6** So sê die Here, die Koning van Israel, sy Verlosser, die Here die Almagtige: Ek is die eerste en Ek is die laaste, buiten My is daar geen God nie.

**Eksodus 23:19** Die beste uit die eerste opbrengs van jou lande moet jy bring na die huis van die Here jou God toe.

**Deuteronomium 14:23** Jy moet die tiende opsy sit…sodat jy kan leer om die Here jou God altyddeur te eer.

**Markus 12:30** Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.'

**1 Kronieke 11:6** Dawid het destyds gesê: "Enigeen wat die eerste 'n Jebusiet neervel, word leier en aanvoerder!" Joab seun van Seruja het toe eerste die stad ingegaan en hy het leier geword.

**Matteus 28:19** Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels…

**Openbaring 22:13** Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.

**1 Johannes 4:19** Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het**.**